# Globalisering: die nuwe gees van die 21ste eeu?

B.J. van der Walt
Skool vir Sosiale en Owerheidstudies
Potchefstroomkampus
Noordwes-Universiteit
POTCHEFSTROOM
E-pos: hannah@intekom.co.za

### Abstract

### Globalisation: The new spirit of the 21st century?

*In a related article it was indicated that "development" was the buzz word during the past fifty years of the previous century. The ideal of development was not totally rejected at the beginning of this century, but it was regarded as the expected result of "globalisation", the new magic word of our time. This article is an attempt to get a theoretical grip on globalisation by paying attention to the following: a brief, preliminary description of the phenomenon; a few of its characteristics; an indication of some of its consequences; a more in-depth analysis of the neo-capitalist economy as a driving force behind globalisation and, in conclusion, some ideas as to how, from a Christian perspective, globalisation should be viewed.*

### Opsomming

### Globalisering: die nuwe gees van die 21ste eeu?

*In 'n verbandhoudende artikel is aangetoon dat "ontwikkeling" die modewoord van ongeveer die laaste vyftig jaar van die vorige eeu was. Die ideaal van ontwikkeling is nie heeltemal verwerp nie, maar dit word aan die begin van die 21ste eeu beskou as die verwagte uiteindelike gevolg van "globalisering", die nuwe towerwoord van ons tyd. In hierdie artikel word gepoog om 'n teoretiese greep op globalisering te verkry deur agtereenvolgens aan die volgende aandag te gee: 'n kort, voorlopige omskrywing van die verskynsel; enkele kenmerke; sekere gevolge daarvan uit te wys; die neo-kapitalisme, as een van die belangrikste dryfvere agter globalisering in besonderhede te ontleed. Ten slotte word oorweeg hoe globalisering vanuit 'n Christelike perspektief beskou moet word.*

# 1. Inleiding: van ontwikkeling na globalisering

In die vorige artikel is verduidelik waarom ontwikkeling – ten minste teoreties gesproke – se tyd verby is. Rist (1999:220) stel dit dramaties:

> End of the game. The lights that made the hope glow have gone out. The huge enterprise … with the aim of accelerating 'development', has come to a complete end … The messianic fervour that was supposed to bring worldwide plenty will no longer mobilize people's efforts.

Sekere ontwikkelingswetenskaplikes (vgl. byvoorbeeld Nahavandi, 2002 en Rahnema, 1997) gebruik dan ook reeds vanaf ongeveer die eeuwisseling die term "post-ontwikkeling" om ons tyd aan te dui.

## 1.1 "Globalisering" die nuwe magiese woord

"Globalisering" het vandag die nuwe towerwoord geword. Die ontwikkelingsideaal is na die agtergrond verskuif, maar dit het nie heeltemal verdwyn nie en wel om die volgende rede. Toe globalisering op die voorgrond begin tree, kon daar nie van "ontwikkeling" afstand gedoen word nie, omdat dit, ten spyte van mislukkings, 'n sekere legitimiteit verwerf het. "Ontwikkeling" word dus in die globaliseringsproses opgeneem, maar met 'n verskil (vgl. Rist, 1999:225, 229): Ontwikkeling is nie die aprioriese *regverdiging* vir globalisering nie, maar die (baie onsekere) *gevolg* van die globaliseringsproses. Ontwikkeling het dus nie sy rol om die illusie van 'n beter toekoms te skep heeltemal verloor nie. Soos reeds vroeër gesê is, word ontwikkelingswerk nog daagliks voortgesit, maar sonder die vroeëre sterk regverdiging daarvoor.

## 1.2 Moeilik om 'n greep op globalisering te kry

Net soos ontwikkeling is globalisering 'n uiters aktuele saak, omdat ons hier aan die suidpunt van Afrika ook 'n deel van die *global village* geword het. As Christene en kerke dus nie hieroor besin nie, is dit alleen tot hulle eie nadeel. Die volgende is enkele van die faktore wat dit egter moeilik maak om 'n standpunt in verband met globalisering in te neem.

In die eerste plek is dit (nog) glad nie duidelik wat met hierdie cliché – soos sommige dit reeds noem – bedoel word nie. Elke skrywer het feitlik sy eie idee daaroor.

In die tweede plek word die mark tans oorstroom met literatuur oor die onderwerp. Behalwe die stortvloed boeke en artikels kan die

internet soveel stof daaroor lewer dat dit weke se – dikwels nuttelose – leeswerk meebring, omdat dit daarna nog steeds nie duidelik is wat presies met "globalisering" bedoel word nie.

In die derde plek bestaan daar geen eenstemmigheid by skrywers of die verskynsel iets positiefs of negatiefs is nie (vgl. byvoorbeeld Lechner & Boli, 2000). Die gevolg is 'n verdeling tussen die "globaliste", wat niks verkeerd in globalisering sien nie en dit graag so vinnig moontlik wil laat ontwikkel, en die anti-globaliste, wat net op die gevare daarvan wys. (Resente voorbeelde van die optimistiese globaliste is Norberg, 2002 en Moore, 2003 en van die anti-globalistiese pessimiste is Klein, 2001 'n voorbeeld.) Indien 'n mens as Christen glo aan sowel die mag van die sonde as in die verlossing, is albei uiterstes onaanvaarbaar en sou 'n meer gebalanseerde visie nader aan die waarheid wees.

In die vierde plek word die formulering van 'n eie visie op globalisering bemoeilik omdat die hulp van geesgenote skaars is – min diepgaande besinnings vanuit 'n Christelike perspektief is beskikbaar.

Hierdie artikel wil dus 'n beskeie bydrae wees om, al is dit ook oorsigtelik, tot 'n beter insig in die verskynsel van globalisering te kom. Hoofpunte 2-4 (omskrywing, kenmerke en gevolge) dien as inleidende agtergrond. Die klem lê op die bydrae vanuit 'n Christelike perspektief in hoofpunte 5 en 6.

## 2. 'n Omskrywing van globalisering

### 2.1 Definisies afhanklik van fokus

Daar bestaan reeds talle beskrywings van hierdie verskynsel (vgl. byvoorbeeld Mulder, 2002), wat elkeen tot in die uithoeke van die wêreld – ook ons hier in Suid-Afrika – raak. Dikwels hang die omskrywing daarvan af op watter fasette en gevolg(e) van globalisering gefokus word. *Ekonomies* het dit byvoorbeeld die gevolg dat lande nie meer alleen hulle eie ekonomieë kan beplan en reguleer nie. Ook op *politieke* gebied verloor regerings mag, omdat multinasionale ondernemings geweldige invloed verkry het. Globalisering kan ook tot die *sosiale* en *kulturele* disintegrasie van tradisionele, lokale gemeenskappe lei. (Vgl. byvoorbeeld Klamer, 2002 asook Maurais & Morris, 2003 vir gegewens oor hoe Engels as wêreldtaal tans en in die toekoms die bestaan van inheemse tale bedreig.) Terselfdertyd lei dit ook tot kulturele integrasie en die ontstaan van 'n nuwe wêreldkultuur.

Indien alleen op die ekonomiese aspek gefokus word (soos later in hierdie artikel), sou globalisering omskryf kon word as die hedendaagse verskuiwing van die lokale en die nasionale markte na die regionale en globale mark, of die oopstel van alle nasionale ekonomieë aan die wêreldekonomie (vgl. Goudzwaard, 1996:99; Jongeneel, 2002:204 kom tot 'n soortgelyke omskrywing).

## 2.2 'n Multidimensionele proses

Dit is egter belangrik om te besef dat globalisering 'n multidimensionele proses is. Tereg sê Chaplin (2003:31):

> Many analyses of globalization are construed too narrowly. They concentrate on one sphere of human society at the expense of others, and so fall into various forms of reductionism: they shrink the full complexity and diversity of human life down to only one of its dimensions. This is evident when globalisation is seen as an essentially *economic* process, at the cost of attention to the parallel transformations occurring in distinct social, cultural, intellectual, moral and indeed religious dimensions, and which are not mere effects of economic change.

Omdat globalisering so 'n veelkantige proses is en gevolglik uiters moeilik om te omskryf, kies baie skrywers oor die onderwerp die eenvoudige definisie dat globalisering die samedrukking of verdigting (*compression*) van die wêreld is. So 'n omskrywing is egter nie baie bevredigend nie, want behalwe integrasie, lei globalisering ook tot die aksentuering van lokale verskille (*localisation*). Verder beantwoord die definisie ook nie belangrike normatiewe vrae soos of globalisering iets neutraal, iets goed of selfs iets onafwendbaar is nie.

## 2.3 'n Moontlike sleutel tot 'n omskrywing

In sy *Globalization and the kingdom of God* (2001) beskou die Christelike denker, Goudzwaard, globalisering as 'n verdere normatiewe historiese ontsluiting van die ingeskape moontlikhede van die skepping en die mens. In die huidige vorm van globalisering word dié proses egter skeefgetrek deur die oorheersing van een aspek, naamlik die ekonomiese. Goudzwaard se interpretasie lyk belowend en open perspektiewe op 'n positiewe waardering van (die korrekte vorm van) globalisering, omdat die mensdom deur God geskape is om in wedersydse verryking en interafhanklikheid van mekaar te lewe.

’n Ander Reformatoriese denker, Chaplin (2003:33), bou op Goudzwaard se gedagtegang voort deur globalisering te definieer as “a normative disclosure of the *spatial dimension* of our created social possibilities”.

Hierdie twee denkers bied belangrike sleutels tot die beter verstaan van globalisering wat later in hierdie artikel breër uitgewerk sal word. Intussen kan enkele uitstaande kenmerke van die hedendaagse verskynsel ons help om dit beter te verstaan.

## 3. Enkele kenmerke van globalisering

In hierdie afdeling word sterk geleun op die beskrywing en analise van Goudzwaard (1996, 2001, 2002a, 2002b en Goudzwaard & De Santana Ana, 2002). Daaruit blyk onder andere dat globalisering nie wesenlik van ontwikkeling verskil nie, maar eintlik net ’n intensivering daarvan behels. Dit kom in die volgende na vore.

### 3.1 Vyf kenmerke

Sommige van die belangrikste kenmerke is die volgende:

- Globalisering beteken (net soos ontwikkeling vroeër) nog steeds die *eensydige eenrigtingverkeer van die Weste* na die res van die wêreld. Die Westerse kultuur en ekonomie moet globaal word en nie die omgekeerde nie.
- Die *mag van multinasionale of transnasionale sakeondernemings*, wat gedurende die vorige eeu reeds sewevoudig vermeerder het, is nog steeds aan die toeneem. Nie minder nie as ’n derde van die hele wêreld se uitvoer is tans in hulle hande en die handel van die armer, suidelike lande word deur slegs vyftien van hierdie megakorporasies beheer. Soos in die verlede word hierdie enkele maatskappye steeds ryker, terwyl baie lande en individue binne die lande steeds armer word. (Klein, 2001 bied waardevolle gegewens in dié verband.)
- Die *hedendaagse tegnologie* help ongetwyfeld ook die globaliseringsproses aan. (Een van die standaardwerke op die terrein is dié van Castells, 1999). Elektroniese kommersiële transaksies (byvoorbeeld bankoorplasings, die koop en verkoop van aandele) is baie groter as die koop en verkoop van werklike goedere en dienste. Die huidige ekonomie is baie meer as ooit tevore afhanklik van en word gekontroleer deur die wêreldwye beweging van kapitaal in die hande van ryk individue, banke, beleggingsfondse en spekulante. Hulle doelwit is die maksimum wins vir

hulself en nie die verantwoordelike gebruik van die geld vir breëre doeleindes nie. ’n Onbekende, roekelose spekulant op die aandelemark in New York kan byvoorbeeld ’n onderneming of selfs ’n land in Afrika in ’n oogwink in duie laat stort.

- Die geloof in die *vrye mark* word nog steeds as die enigste aanvaarbare en “beskaafde” model vir die menslike samelewing wêreldwyd gesien. In werklikheid kry die mark dus nog steeds die voorkeur bo oorwegings soos geregtigheid, werkverskaffing en omgewingsbeskerming. Die enigste verskil is dat die verkommersialisering van die hele samelewing met groter intensiteit voortgesit word. Instellings wat hoegenaamd nie ekonomies van aard is nie, word toenemend beskou, behandel en bestuur asof hulle is.
- Samehangend met die vorige aspekte word ook die *ekonomiese kompetisie* versterk. *Competitiveness* klink beter as “oorlog”, maar in wese is dit niks anders as ’n verwoede, vernietigende oorlog nie. Indien ’n kleiner maatskappy of ’n armer land nie in dié oorlog kan volhou nie, bestaan daar geen genade nie – so ’n maatskappy of land word eenvoudig uitgesluit en gemarginaliseer. Dit het dus nog duideliker geword dat kompetisie nie iets neutraals is nie. Kompetisie word ten gunste van die sterkes gemanipuleer; dit gaan om oorlewing en die enigste maatstaf is hebsug en eiebelang.

### 3.2 ’n Voorlopige balans

Saamgevat sien Goudzwaard (2001) die volgende gevaarlike, eensydige trekke in die globaliseringsproses. Dit is gegrond op ’n meganistiese wêreldbeeld waarin ’n veronderstelde selfregulerende mark die plek van menslike verantwoordelikheid verdring. Verder is die proses van globalisering kapitalisties (vgl. ook Goudzwaard, 1979); ekonomisties-materialisties; konsumpsiegerig (hoe meer hoe beter); konkurrensiebepaald (die kompetisiemanie) en tegnisisties georiënteerd.

Dit beteken vir Goudzwaard nie dat ’n anti-globalistiese houding die oplossing is nie, omdat ons dan van ons eie Godgegewe verantwoordelikheid sou wegloop. Vir hom – en ek stem saam – is die kernvraag nie *of* nie, maar *watter soort* globalisering. Volgens hom het Christene drie redes vir ’n positiewe houding teenoor (die regte soort) globalisering:

- Die Christelike kerk is veronderstel om ’n wêreldwye gemeenskap te wees.

- Die aarde en sy volheid behoort aan God (Psalm 24) en dié volheid omvat ook wêreldwye ekonomiese ontwikkelinge en tegnologiese deurbrake.
- Ons gemeenskaplike rentmeesterskap oor die aarde is God se opdrag en dit het 'n eskatologiese dimensie: dit wys vooruit na die komende eenheid van die koninkryk van God.

## 4. Enkele gevolge van globalisering

Op grond van bogenoemde kenmerke kan maklik meer gevolge van globalisering voorsien word. As gevolg van ruimtegebrek noem ek net vier van die belangrikstes:

### 4.1 Dit bevoordeel dié wat reeds ryk is

Die belangrikste gevolg is dat (voorlopig) alleen die reeds ryk individue en lande daarby baat en dat die kloof tussen ryk en arm eenvoudig groter word. Dit lei in baie lande byvoorbeeld tot 'n "dubbele" ekonomie: een vir die klein groepie ryk elite, wat in die globaliseringsproses kan saamspeel, en die ander (informele ekonomie) vir die groot massas armes. Die rede is voor die hand liggend: Die wêreldmark sluit die armer lande nie in nie, maar uit; kapitaal om te kan meeding, ontbreek in laasgenoemde lande; so ook die nodige infrastruktuur en tegnologie. Ten spyte van verhoogde uitvoer kan baie lande nie eers hulle skuld aan die ryk lande betaal of in hulle eie bevolking se basiese behoeftes voorsien nie – 600 miljoen mense ly vandag honger.

Vir Afrika hou dit volgens Kiza niks goeds in nie. Sy konklusie is "… the ideology of the 'global' market only serves to enrich the economic nationalism of the world's industrial giants" (Kiza, 2001:44). Chisinga (2001:60) stem saam: "... [globalisation] produces gains for a few, marginalisation of many, and polarisation between the poor and the rich". Elders: "Globalisation paints a picture of gloom and despair in which Africa lies at the periphery of the globalising world economy" (Chisinga, 2001:68).

In baie gevalle is dit egter nog nie duidelik of die inlvoed van globalisering op 'n land positief of negatief is nie. Wat Suid-Afrika betref, kan Loots (2001:17) alleen in die algemeen konkludeer dat "the process of globalization is a very uneven process with a relatively small number of countries benefitting from this process". Elders (Loots, 2002:2) beskryf sy die voordele van globalisering vir Suid-Afrika as "at best, tenuous, and at worst, doubtful".

## 4.2 Die staat verloor mag en die samelewing word verkommersialiseer

Volgens kenners (vgl. Hertz, 1999) vind daar wêreldwyd tans ’n “stille oorname” plaas. Politici raak bewus of onbewus steeds meer speelruimte kwyt. Die bedryfslewe word steeds invloedryker en kan uiteindelik die rol van die politiek oorneem. Tradisionele take van regerings (byvoorbeeld onderwys, verskillende versorgingsdienste en ’n billike verdeling van inkomste) is vir kommersiële kragte oopgegooi, wat min verantwoordelikheid ken – behalwe wins vir hulself. Geleidelik word die hele samelewing (gesondheidsorg, onderwys en selfs godsdienstige instellings) verkommersialiseer.

Die feit dat state gaandeweg hulle mag verloor, beteken nie noodwendig dat die staat as instelling sal verdwyn nie, maar dat dit ’n blote instrument gaan word om allerlei ekonomiese belange (selfs van diegene buite die betrokke staat) te bevorder. Die Suid-Afrikaanse regering word byvoorbeeld gedwing om te privatiseer. Dit gebeur egter tot voordeel van ander, omdat ons self op die ou einde die duisende werkloses moet versorg. In hierdie debat, naamlik of die nasiestaat te midde van globalisering nog ’n rol gaan speel, is daar volgens Held (2002:22-23) tans ten minste drie verskillende standpunte waarop ons nie hier verder kan ingaan nie.

## 4.3 Die teenpool is “lokalisering”

Globalisering het ook ’n teëpool: dit lei nie net tot internasionalisme nie, maar ook tot opkomende nasionalismes, wat teen die Amerikaans-Westerse “Coca Colalisation” en “Macdonaldlisation” probeer veg. Volgens die boek van Barber (2000) – waarin hy die verskynsel van *Jihad* stel teenoor *McWorld*, die rebellie teen die markgedrewe Westerse wêreld – was 11 September 2001 onder andere ’n voorbeeld van die reaksie op die ekspansiedrif van die Westerse kultuur.

## 4.4 Op pad na ’n ideologie?

Uit die voorafgaande kort oorsig is dit reeds duidelik dat die globaliseringsproses in globalisme, in ’n ideologie kan eindig. In dié opsig verskil dit nie van sy voorganger, die ontwikkelingsideaal wat in *developmentalism* geëindig het nie. Dit is nie net Goudzwaard wat globalisering as ideologie tipeer nie, maar ook ander denkers van wie ’n mens dit nie sou verwag nie – veral wanneer hulle oor die ekonomiese faset van globalisering handel. So sê Stiglitz (2002:xiii) byvoorbeeld van die Internasionale Monetêre Fonds dat sy beleid

nie alleen op slegte ekonomiese analises, maar op ’n “blinde ideologie” gebaseer is. Vroeër het Mihevc (1995) na ’n indringende analise tot ’n soortgelyke konklusie gekom in verband met die Wêreldbank se beleid in Afrika.

Miskien moet ’n mens ’n bietjie versigtiger wees om te gou te besluit dat globalisering *inherent* ideologies van aard is. Dit sou dalk veiliger wees om te sê dat dit neigings in dié rigting openbaar, omdat daar sterk ideologiese kragte is in die wyse waarop dit tans ontwikkel. In wat nou volg, sal dit duideliker word.

## 5. Globalisering word deur die neo-kapitalistiese ekonomie aangedryf

Vroeër in hierdie artikel is verwys na twee Reformatoriese denkers, Goudzwaard en Chaplin, wat globalisering beskou as die verdere ontsluiting van die ingeskape moontlikhede van die mens en die natuur. Hierdie ontsluitingsgedagte in die Reformatoriese filosofie is ’n teoretiese verwerking van die Bybelse gedagte dat die mens die rentmeester oor God se skepping is (vgl. Gen. 1:28 en 2:15). As sodanig is globalisering dus nie verkeerd nie.

### 5.1 Die rede vir die ongebalanseerdheid

Volgens Goudzwaard word die proses van globalisering egter skeefgetrek deur die oorheersing van die ekonomiese faset daarvan. Globalisering ly tot reduksionisme, omdat dit die ekonomiese eensydig vooropstel, die ander lewensaspekte óf verwaarloos óf hulle tot die ekonomiese herlei (die verskynsel van die verkommersialisering van die hele lewe). Ons het hier dus te make met wat in die Reformatoriese tradisie as ’n “-isme” aangedui word: ekonomisme. Omdat ekonomisme op ’n verabsolutering van ’n aspek of kant van die veelkleurige werklikheid neerkom (tot nadeel van en gevolglike oorheersing van ander ewe belangrike fasette), kan dit maklik tot ’n volbloed-ideologie lei.

Deur vas te stel wat die eienskappe van die neo-kapitalistiese ekonomie is – seker die belangrikste dryfkrag agter die huidige globaliseringsproses – is dit moontlik om aan te dui hoe ongebalanseerd of skeefgetrek globalisering self is, wat op sy beurt weer die neo-kapitalisme wêreldwyd bevorder. Terwyl die voorafgaande punte dus meer oorsigtelik van aard was, word in hierdie afdeling ten minste op een faset van globalisering dieper ingegaan.

## 5.2 Hoofkenmerke van die neo-kapitalisme

Hoewel sommige Christelike skrywers (vgl. byvoorbeeld Sherman, 1992) van mening is dat die kapitalisme as ekonomiese stelsel met die Bybel versoenbaar is, is daar reeds baie Christene wat dit bevraagteken. Enkele van hierdie skrywers is Cramp (1975), Goudzwaard (1979), Goudzwaard en De Lange (1994), Haan, (1988), Monsma, (1988), Schumacher, (1973) en Van der Walt (1999b:172-180). Sommige van hulle belangrikste insigte word in wat hierna volg, genoem.

Daar bestaan verskillende vorme van kapitalisme. Heslam (2003:12) is egter van mening dat die volgende drie dinge kenmerkend van almal is:

- privaat eiendomsreg
- outonome markte,
- met maksimum wins as doelstelling.

Kapitaliste glo volgens Heslam dat die mark soos ’n masjien volgens vaste wette funksioneer om die nodige ewewig te verseker. Uit die praktyk blyk dit egter nie waar te wees nie, omdat markte veral vandag onseker en onvoorspelbaar geword het. Verder glo kapitaliste dat (onbeperkte) groei alleen tot die voordeel van die mens kan wees. Volgens Heslam (2003:13) kan ekonomiese groei wat die samelewing en die natuur benadeel, egter nie as ’n “wins” beskou word nie. Heslam kritiseer ook die eensydige winsmotief van die kapitalisme, omdat dit meestal geen ander norme, soos byvoorbeeld die etiese, wil eerbiedig nie.

Tot sover die wesenstrekke van die vroeëre kapitalisme. Die latere (neo)-kapitalisme vertoon nog die volgende vier addisionele basiese trekke:

- groot (dikwels multi-/internasionale) sakeondernemings;
- die losmaking van die band tussen die finansiële sektor en die werklike ekonomie;
- nog groter klem op meedoënlose kompetisie, onbeperkte groei en oorvloedige verbruik (die oorgang van die vroeëre produksie- na ’n konsumpsiegeoriënteerde ekonomie), en
- die vryheid van die mark om die hele samelewing te organiseer.

Hierdie laaste, baie belangrike trek van die laat-kapitalisme beskryf Heslam (2003:12) in meer besonderhede soos volg:

> Because the global market-mechanism is outonomous and acceptable in itself, is should be free to cross all social and cultural borders, regardless of short-term costs … new capitalism has become … the dominant mindset of the west … 'There is no alternative'. Thus the market principle is applied to areas of society previously considered to be free of the market's constraints. The kind of society that emerges is not only one that *has* markets, but in some real sense *constitutes* a market. So the term 'the market' becomes, in the language of the new capitalism, a metaphor for the whole of life – an all-embracing worldview. When applied to the world as a whole, it finds expression in the promotion of a global 'free market'.

## 5.3 Die hoof- en ondersteunende waardes van die neo-kapitalisme

Fowler (1998 en 2002) help ons verder op pad om die dominante neo-kapitalistiese komponent van globalisering nog dieper te kan peil. Soos uit die volgende woorde blyk, stel hy sy standpunt onomwonde (Fowler, 1998:433):

> … the free market ideology … must be judged as a de-humanizing ideology. It is an ideology that, by subordinating all other human interests to commercial interest, leads to in-adequate human development within a distorted social order that fails to provide a social environment in which human life can flourish … the human person is defined as a market unit, both in the input and the output side. On the input side, a person is valued by the market value of the input of the person; on the output side, a person's life is valued by the person's capacity for market consumption. Whatever else may constitute the human person, they are qualities that are attached to the basic market person.

Wat laat Fowler besluit om die neo-kapitalisme 'n "dehumanizing ideology" te noem? Dit is die moeite werd om in besonderhede op sy analise vanuit 'n Christelike perspektief in te gaan.

Hy onderskei tussen die hoofwaarde (of moedergedagte) en vier ondersteunende waardes (of oortuigings) by dié soort ekonomie. (Vgl. verder Van der Walt, 1999a:17-28.)

### 5.3.1 Die hoofwaarde

Die hoofwaarde is die veridealiseerde mark as die verlosser of redder op *elke* terrein van die lewe. Dit moet toegelaat word om elke sektor van die samelewing – dus ook die nie-ekonomiese – vrylik te

organiseer, reguleer en domineer (die verkommersialisering van alles). Volgens Fowler is so iets totaal nuut in die hele wêreldgeskiedenis, omdat die ekonomiese terrein voorheen bloot beskou is as *een* faset van die totale samelewing in sy ryke verskeidenheid.

### 5.3.2 Die ondersteunende oortuigings of waardes

Die volgende vier kan uitgesonder word:

- *Die goeie of voordelige aard van die onpersoonlike mag van die markte*. Soos Adam Smith (in die agtiende eeu) reeds geleer het, word naïef geglo aan ’n “onsigbare hand”, wat sal sorg dat die markte tot almal se voordeel sal optree.
- *Die versoenbaarheid van ekonomiese belange met ander sosiale belange*. Daar word geglo dat kommersiële optrede die mees effektiewe middel is om *elke* tipe sosiale welsyn te bevorder. Daarom word alle nie-ekonomiese samelewingsverbande (huwelik, gesin, skool, universiteit, kerk, ens.) aan kommersiële belange ondergeskik gemaak (hulle word verkommersialiseer) met die veronderstelling dat dit hulle nie sal benadeel nie, maar hulle belange sal bevorder. Bestuursmetodes volgens handelspraktyke word byvoorbeeld gebruik om selfs onderwysinstellings onder kommersiële kontrole te bring.
- *Oorvloedige, steeds groeiende verbruik as die basis van ’n goeie lewe*. Elkeen moet soveel moontlik van die goeie dinge wat die markte oplewer, bekom.
- *Die bevrediging van begeerte as die maatstaf vir ’n goeie lewe*. Die lewe kan steeds verbeter word deur meer en meer te besit. (Deur middel van die media word hierdie geloof oor die verwesenliking van menswees gepropageer.) Dit gaan saam met *individualistiese hebsug en selfsug*. Ek moet goed voel, my gevoel van welsyn en persoonlike vervulling is die heel belangrikste faset waarom dit in die lewe gaan.

## 5.4 Die gevaar van verwronge waardes

Voordat bogenoemde (hoof- en ondersteuningswaardes) vanuit ’n Christelike perspektief beoordeel word, eers ’n opmerking oor die gevaar van skeefgetrekte ekonomiese waardes geïllustreer met drie voorbeelde (effektiwiteit, kwantifisering en kompetisie) uit die huidige ekonomie.

Waardes is belangrik want hulle gee rigting en koers; stel grense; gee aan ons wysheid of insig oor wat gedoen behoort te word (hulle onderskei tussen wat *is* en wat *behoort* gedoen te word) en bepaal sodoende ’n hele samelewing.

### 5.4.1 Effektiwiteit

Effektiwiteit is byvoorbeeld ’n *ding* of *saak* en nie ’n norm nie. Effektiwiteit moet dus *normatief* beoordeel word. (’n Moord wat baie effektief beplan en gepleeg word – die skuldige kan nie vasgetrek word nie – is daarom nog nie iets goeds nie. Dit bly ’n moord.) Verder moet ook tussen verskillende soorte effektiwiteit onderskei word. Iets wat ekonomies effektief is, is byvoorbeeld nie noodwendig ook godsdienstig, akademies/opvoedkundig of eties geslaagd nie.

### 5.4.2 Kwantifisering

Ook kwantifisering is misleidend en kan nadelige gevolge hê. Norme en waardes kan nie getalsmatig bepaal word nie. (As 51% mense ten gunste van aborsie op aanvraag stem, beteken dit nog geensins dat dit eenvoudig deur almal aanvaar behoort te word nie.) Getalle stel slegs kwantiteit vas. Dit kan byvoorbeeld slegs vasstel dat ek 100 appels het. Eers as die *maatstaf* van goed of sleg aangelê word, kan bepaal word dat die helfte van die appels vrot is.

### 5.4.3 Kompetisie

Kompetisie tussen individue en ook tussen volkere word vandag as ekonomiese “evangelie” verkondig. Die geloof bestaan dat dit alle ekonomiese ellende sal ophef. Ons moet kompetisie egter nie as ’n norm beskou nie, dog dit normatief beoordeel. Dan sal ons besef dat kompetisie sowel goed as sleg kan wees. Goeie kompetisie kan vermorsing voorkom (maar dit ook veroorsaak), luiheid en ondoeltreffendheid bekamp en dus standaarde verhoog. Slegte, verkeerde kompetisie kan egter ’n harde, brutale baas wees. Dink maar slegs aan die volgende: Daar moet altyd wenners en verloorders in ’n kompetisie wees – dit is nie noodwendig nodig nie. Kompetisie bied nog geen waarborg van kwaliteit nie (die veronderstelling), omdat die wenner nie noodwendig die beste is nie – daar is immers maniere om te wen. Mense beskou hulle medemens as hulle teëstanders (wat nie waar is nie), wat oorwin of uitgeskakel moet word – dalk is samewerking veel beter. Kompetisie vernietig maklik menseverhoudinge. Die swakkeres word vergeet, verwerp of uitgeskakel, sodat geregtigheid nie geskied nie. Kompetisie veroorsaak ongekende gejaagdheid en angstigheid. Dit kan verhinder

dat ander baie belangrike lewenswaardes realiseer. Dit hou ook nooit op nie. Kompetisie kan die indruk skep dat ’n mens, omdat hy op ekonomiese gebied gefaal het, in alle opsigte misluk het. Kompetisie is nie eers ekonomies gesproke doeltreffend nie, omdat dit alle verskeidenheid uitskakel.

Ons mag ook nie net by een soort norm of waarde (die ekonomiese) lewe nie. Selfs by ’n sogenaamde suiwer ekonomiese probleem (iets wat myns insiens nie bestaan nie), mag nie net ekonomiese norme geld nie, maar moet *terselfdertyd* ook die juridiese norm (geregtigheid), die etiese norm (liefde, bewoëndheid), geloofsnorme en nog baie meer norme gehoorsaam word. ’n Ekonomiese bedryf mag nie eers by nabaat aan sy “sosiale verantwoordelikheid” dink nie.

## 5.5 ’n Verkeerde prioriteit in die hoofwaarde van die neo-kapitalisme

Vanuit ’n Christelike perspektief word vervolgens eers die neo-kapitalisme se hoofwaarde en daarna die vier ondersteunende waardes beoordeel.

Die basiese credo van die vryemarkekonomie is die volgende: Soek eers die oorvloed aan kos, drank, klere en ander verbruikersgoedere wat die mark aanbied, dan sal jy outomaties al die ander goeie sosiale dinge ontvang. In werklikheid word gesê: Jy mag, as jy so verkies, God ook vir die goedere dank, maar onthou dat jy hulle alleen sal geniet indien jy instem dat die belange van die mark jou eerste prioriteit is.

Volgens die Bybel moet ons voorkeur presies die omgekeerde wees – die vryemarkekonomie het God se prioriteit op sy kop gedraai. Daarin lees ons:

> Julle moet julle dus nie bekommer en vra: ‘Wat moet ons eet of wat moet ons drink of wat moet ons aantrek nie.’ Dit is alles dinge waaroor die ongelowiges (die huidige neo-kapitalistiese ekonomie) begaan is. Julle hemelse Vader weet tog dat julle alles nodig het. Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee (Matt. 6:31-33).

Christus ontken nie dat ook die mark (ekonomiese dinge) ’n plek in die lewe het nie. Hy sê egter duidelik dat ons nie menslike vervulling en welsyn sal vind nie indien ons die najaag van die dinge wat die mark oplewer (kos, drank, klere en nog baie, meer luukse dinge), ons hoogste, eerste prioriteit of doel sou maak. Ons kan hulle alleen

as ’n *gawe* ontvang indien ons die mark – soos ook alle ander dinge – ondergeskik maak aan God se koninkryk en sy wil.

## 5.6 Kritiek op die vier ondersteuningswaardes van die neo-kapitalisme

Vanuit ’n Christelike perspektief behoort die volgende vrae aan die vier ondersteunende waardes van die neo-kapitalisme gestel te word:

### 5.6.1 Die goedheid van die mark of die goedheid van God?

Die vryemarkideologie glo aan die vanselfsprekende goedheid (voordeligheid) van die onpersoonlike mark, in plaas van die genadige goedheid van ’n persoonlike God. Enkele opmerkings ter verduideliking:

- Eintlik bestaan daar nie so iets soos ’n *vrye* mark nie, want daar is geen vryheid *binne* die mark self nie – nie tussen kopers en verkopers nie en ook nie eers tussen verkopers onderling nie. Met “vrye mark” word bedoel die vryheid *van* die mark om sy optrede tot elke land en elke sektor van ’n samelewing uit te brei (globalisering).

- Dit is in baie opsigte ook glad nie ’n spaarsame nie, maar ’n baie spandabele, verkwistende mark.

- Verder ondermyn die geloof in die vanselfsprekende “goedheid” van die mark die mens se eie verantwoordelikheid. Ons skep die mark en daarom is ons vir sy optrede verantwoordelik. Net soos wanneer ons ons huweliks-, gesins- of kerklike lewe in ongehoorsaamheid aan God se wil ontwikkel en dit op rampe uitloop, gebeur dit ook in die geval van die mark. Iets kan alleen goed genoem word as dit God se norme vir die lewe gehoorsaam.

- Ook die ideaal van ’n steeds groeiende markproduksie moet ernstig bevraagteken word. Voortgesette, onbepaalde groei is tog ’n onmoontlikheid in ’n wêreld met beperkte bronne. Die omgewing kan nie maar onbeperk uitgebuit word nie en die produktiwiteit van mense kan nie onbepaald verhoog word nie.

Groei is dus nie ’n maatstaf of waarde nie, maar moet normatief beoordeel word: Wat is goeie, gesonde groei en wat is nadelige, ongesonde, destruktiewe groei? Anti-normatiewe groei is groei wat

die grense deur God se norme gestel, nie respekteer nie. Dit kan byna vergelyk word met kanker wat aanhou groei – om homself uiteindelik te vernietig. Normatiewe groei, daarenteen, kan vergelyk word met ’n vrugteboom: op ’n bepaalde punt is dit ’n volwasse boom wat stadiger groei om vrugte te kan dra.

Natuurlik is ekonomiese groei nodig, sodat ons basiese menslike behoeftes bevredig kan word om ons in staat te stel om ons roeping in die lewe te kan vervul. Soos in die geval van die boom, bereik ons egter ’n punt van versadiging. Navorsers toon dan ook aan dat ekonomiese groei menslike welsyn net tot op ’n sekere punt kan verbeter. Ekonomiese ontwikkeling los dus nie net probleme op nie, maar kan ook (as dit te ver gaan) ernstige probleme veroorsaak soos byvoorbeeld groter armoede by baie mense ten spyte van groter rykdom by enkeles.

Saamgevat: welvaart kan slegs ’n *middel* tot menslike welsyn wees. As jy daarvan ’n *doel* op sigself maak, word dit ’n afgod – met al die gevolge aan afgodery verbonde.

### 5.6.2 Kommersiële effektiwiteit of sosiaal-toepaslike effektiwiteit?

Die neo-kapitalistiese geloof is dat *alle* samelewingsverbande die beste gedien kan word deur die organisatoriese model van die “effektiewe” handelsonderneming na te volg. In die geval van ’n geslaagde handelsonderneming moet, met die oog op ’n wins, die markuitset geoptimaliseer word, terwyl die kostes so laag moontlik gehou word. Effektiwiteit is dus ’n aanvaarbare maatstaf in hierdie geval.

Ander samelewingsverbande (huwelik, gesin, opvoedkundige instellings, die kerk, kunste en nog baie meer) het egter totaal ander, Godgegewe doelstellings. Natuurlik het elkeen van hulle ook ’n ekonomiese *faset* (’n gesin kan byvoorbeeld nie sonder finansies oorleef nie), maar hulle is nie (soos die mark) ekonomies *gekwalifiseerd* nie. (As ’n mens jou huwelik of gesin as ’n ekonomiese bedryf beskou en bestuur, sal dit spoedig geruïneer wees.) Daarom sal effektiwiteit in hulle geval nie noodwendig (soos in die geval van die sakeonderneming of die mark) beteken dat kostes so laag moontlik gehou word nie. Dit mag beteken dat hulle eiesoortige effektiwiteit, om hulle eie, unieke doelstellings te bereik, verlaag of selfs onmoontlik gemaak word. Ons het dus nie net ’n ekonomiese model nodig nie, maar verskillende modelle van effektiwiteit, wat by elke samelewingsverband pas. Ons taak is nie om die hele

samelewing te *ver*kommersialiseer nie, maar juis om dit te *de*-kommersialiseer.

### 5.6.3 Verbruik of diens in liefde?

Die geloof van die neo-kapitalisme is dat selfbevredigende verbruik geluk en menslike welsyn sal bevorder.

Ook in hierdie opsig staan die vrye mark teenoor God se Woord. Vanselfsprekend kan ons nie lewe sonder om te verbruik (kos, klere, huisvesting, ens.) nie. Maar dit mag nooit die een en al, die *grondslag en doel* van ons lewe wees nie. Die Bybel sien die doel van ons lewe (waartoe verbruik slegs 'n *middel* is) daarin dat ons mekaar in liefde sal dien (Gal. 5:13 en Fil. 2:4). So 'n lewens-ingesteldheid beteken ware lewensvervulling.

Ons het dus nie steeds groeiende verbruik nodig nie – dit is ook glad nie (geestelik of liggaamlik) gesond nie (vgl. Fil. 4:11 en 1 Tim. 6:8). Ware lewe bestaan volgens die Skrif nie uit die oorvloed van ons besittings nie.

### 5.6.4 Voldoening deur die najaag van begeertes of as 'n gawe van God?

Die geloof aan die vryemarkekonomie behels dat 'n goeie lewe gemeet kan word aan die optimale bevrediging van ons eie begeertes en hebsug.

Ook in hierdie geval leer die Skrif presies die teenoorgestelde waardes: " ... alles wat die sondige mens begeer, alles wat sy oë sien en begeer, al sy gesteldheid op besit, kom nie van die Vader nie maar uit die (sondige) wêreld. En die wêreld met al sy begeertes gaan verby, maar wie die wil van God doen, bly ewig lewe" (1 Joh. 2:16, 17). Die Bybel verwerp op talle plekke ook afguns en selfsug.

Dit beteken nie dat die geriewe en ander voordele wat die moderne ekonomie ons bied, nie gebruik en waardeer mag word nie. God gee alles ryklik aan ons om dit te geniet (1 Tim. 6:17; vgl. Ps. 115:16).

Omdat die neo-kapitalistiese en die Bybelse waardes mekaar egter weerspreek, moet 'n keuse gemaak word: Jaag die bevrediging van jou begeertes na as 'n doel, en jou begeertes sal nooit bevredig word nie. Of streef na diens in liefde as jou lewensdoel, en jy sal voldoening van begeerte smaak (vergenoegd wees) en 'n sinvolle lewe hê.

Verwronge waardes bly ook nie in die lug hang nie. Hulle het konkrete gevolge, omdat mense daarvolgens lewe en selfs ’n hele samelewing daarvolgens struktureer.

## 5.7 ’n Verwronge samelewing

Uit die Bybel kan ons die volgende aflei: ’n mens dien God/’n afgod; ’n mens vertoon al meer die beeld van die God/afgod wat jy dien; ’n mens skep ’n samelewing volgens jou eie beeld, wat ook jou godsbeeld reflekteer.

Dieselfde geld in die geval van die hedendaagse neo-kapitalisme: die handelsbelange van die mark is in beheer en word gedien; die individu word volgens kommersiële beginsels herskep; die hele samelewing word herdefinieer, sodat dit die primêre handelsbelange sal dien.

Talle voorbeelde hiervan sien ons vandag reeds in ons eie samelewing:

- *Onderwys* (veral tersiêre onderwys) was vroeër bedoel om breedte en diepte van insig in die werklikheid en die doel van ons lewe te bevorder. Vandag is dit geherdefinieer as blote voorbereiding om in die verkommersialiseerde samelewing jou rol te kan vervul (sg. beroeps- of professionele opleiding).

- *Die media* versterk deur ononderbroke propaganda die neo-kapitalistiese waardes en ondersteun sodoende dieselfde kommersiële belange.

- *Sport* is lankal nie meer ontspannende sosiale interaksie nie, maar het in meedoënlose kompetisie (vir die deelnemers) en kommersiële vermaak (vir die toeskouers) ontaard.

- Selfs die *kerke* word steeds meer effektiewe bemarkers van geestelike verbruikerskommoditeite en dienste.

- Ook vir die *staat* is openbare geregtigheid dikwels nie meer die hoofdoel nie, maar die regulering – sover dit nog daartoe in staat is – van botsende finansiële belange.

## 5.8 Twee belangrike Bybelse perspektiewe

As antwoord op die neo-kapitalisme moet die volgende in verband met die mens en die samelewing gestel word:

### 5.8.1 Die mens

- In die eerste plek is die mens 'n *religieuse wese*. Daarom kan hy nie van brood alleen lewe nie (Matt. 4:4), maar moet hy worstel met moeilike, maar fundamentele vrae soos oor die oorsprong, bestaan, betekenis en bestemming van die mens.
- In die tweede plek is die mens 'n *veelsydige, multidimensionele wese*. Hy beskik dus oor *baie* vermoëns wat almal *gelyktydig* en op 'n *gebalanseerde* manier ontwikkel moet word. (Nie eers en alleen die ekonomiese met die veronderstelling dat die ander outomaties sal ontplooi nie.)
- In die derde plek kan die mens alleen ontwikkel indien dit *volgens die regte waardes* gebeur. Sulke norme of waardes is versorging, mededeelsaamheid, diens en verryking in verhouding tot jou medemens en die omgewing.

### 5.8.2 Die samelewing

In ooreenstemming met bogenoemde waardes, het ons 'n nuwe samelewing nodig. Dit is nie 'n samelewing waarin die mark verwerp word nie. Dit is 'n samelewing waarin die groei van die mark nie bloot die *eng* oogmerke van die mark (ekonomie) self dien nie, maar die *veel breër* ontwikkeling van die mens en samelewing bevorder. Om hierdie ideaal te kan bereik, sal daar in die eerste plek dus ooreenstemming moet wees ten opsigte van nie net ons *individuele* nie maar ook ons *sosiale* waardes.

In die tweede plek is, behalwe konsensus ten opsigte van sosiale waardes, ook 'n strukturele verandering van die huidige samelewing nodig om seker te maak dat die samelewingstrukture (die verskillende samelewingsverbande) hierdie waardes ondersteun en uitleef.

## 5.9 'n Skematiese vergelyking tussen die neo-kapitalistiese en Christelike waardes

Die voorafgaande vergelyking tussen die neo-kapitalisme en die Christelike alternatief daarop kan ten slotte oorsigtelik soos volg saamgevat word:

### 5.9.1 Die ideale samelewing volgens die waardes van die neo-kapitalistiese vryemark

#### Die resultaat: verwronge ontwikkeling

As gevolg van eensydige ekonomiese ontwikkeling heers skaarste, armoede, ongelykheid, afnemende sorg, toenemende siekte, minder tyd, geweld, ontevredenheid, verveling – verontmensliking in plaas van menslike welsyn en vervulling.

↑

- ***Die behoeftes*** (5)

Nooit genoeg nie, nooit bevredig nie, omdat behoeftes vervang is deur begeertes, gierigheid.

↑

- ***Die sosiale struktuur*** (4)

Strukturele verarming, omdat alle ander samelewingsverbande gevorm word volgens die (ekonomiese) markmodel. Geen vryheid – nie eers in die mark nie – om ’n verskeidenheid lewensroepings te vervul. Die samelewing is geestelik armoedig ten spyte van materiële welvaart.

↑

- ***Sosiale waardes*** (3)

Blinde vertroue op die mark, welvaart, materiële oorvloed, kommersialisering, kompetisie, globalisering.

↑

- ***Persoonlike lewenswaardes*** (2)

Vergader en verbruik soveel moontlik, so vinnig moontlik om jou eie behoeftes te bevredig.

↑

- ***Die grondliggende dryfkrag*** (1)

Gehoorsaam Mammon: liefde vir goed, geld en vir jouself

### 5.9.2 Die ideale samelewing volgens Bybelse waardes

#### Die resultaat: ware ontwikkeling

Volledige menslike welsyn (nie net welvaart nie) en vrede (*sjaloom*).

↑

- ***Die behoeftes*** (5)

Net genoeg om 'n veelsydige, menslike bestaan te onderhou, vryheid te geniet en vrugte te dra.

↑

- ***Die sosiale struktuur*** (4)

Die strukturele verskeidenheid van die huwelik, gesin, skool, universiteit, kerk, staat, sakeonderneming, sportorganisasie, ensovoorts. Vryheid en geleenthede om – op 'n gebalanseerde, niegeforseerde wyse – ons menslike roeping in hulle almal te vervul.

↑

- ***Sosiale waardes*** (3)

'n Verskeidenheid sosiale waardes soos getrouheid (huwelik), sorg (gesin), rentmeesterskap (bedryf), geregtigheid (staat), ensovoorts.

↑

- ***Persoonlike lewenswaardes*** (2)

'n Verantwoordelike antwoord op God se sentrale liefdesgebod op 'n verskeidenheid maniere: diens, mededeelsaamheid, sorg, verryking, ensovoorts, in verhouding tot medemens en omgewing.

↑

- ***Die grondliggende dryfkrag*** (1)

Gehoorsaamheid aan God se wil: liefde tot Homself en ons naaste (Matt. 22:37-40).

## 6. 'n Christelik-Reformatoriese analise van globalisering

Na hierdie kritiese toespitsing op slegs een – maar nogtans 'n uitstaande faset van globalisering, moet teruggekeer word na die belangrike vraag wat dwarsdeur die artikel nog steeds in die lug bly hang het: Wat is globalisering presies?

Een van die redes waarom dit so moeilik is om te bepaal wat globalisering presies is, is omdat dit op feitlik elke lewensterrein na vore kom. Die drieledige werk van Stackhouse en Paris (2000), Stackhouse en Browning (2001) en Stackhouse en Obenchain (2002) bespreek byvoorbeeld die volgende gebiede: transnasionale korporasies, oorlog en vrede, die gesin en die media (in deel 1); onderwys, ekologie en moraliteit (in deel 2) en verskillende godsdienste soos tradisionele (stam)religieë, Confucianisme, Hindoeïsme, Boeddhisme en Islam (in deel 3). Op al hierdie talle terreine het globalisering 'n invloed en omgekeerd beïnvloed hulle weer die globaliseringsproses. Maar wat is globalisering self?

### 6.1 'n Sleutel

Om 'n teoretiese greep op globalisering te kry, word eers na Held (2002:11-17) geluister. Hy gebruik byvoorbeeld die volgende uitdrukkings om globalisering te beskryf: "dramatically compressed space", "interconnectedness", "increasing interpenetration", "a borderless world" en "a significant shift in the spatial form of relations". Al hierdie begrippe (al is hulle nie almal suiwer ruimtelik van aard nie) dui daarop dat die ruimtelike die kernbegrip is waarom dit in alle vorme van globalisering gaan. Globalisering beteken gewoon die ruimtelike uitbreiding van iets oor die hele wêreld.

Dit stem ooreen met die sleutel wat Chaplin (2003:33) vroeër reeds gegee het: globalisering is "a normative disclosure of the spatial dimension of our created possibilities". Ongelukkig werk Chaplin nie sy omskrywing verder uit nie. Omdat hy 'n voorstander van 'n Reformatoriese filosofie is, kan 'n mens tog sekere afleidings maak van hoe hy dit sou doen. Vanuit Christelik-filosofiese hoek word vervolgens eers iets meer oor "die ruimtelike dimensie" en daarna oor "normatiewe ontsluiting" gesê.

### 6.2 Die ruimtelike dimensie

Volgens verteenwoordigers van die Reformatoriese filosofie is die ruimtelike 'n dimensie, aspek, faset of modaliteit van die werklikheid. Tussen 12 en 16 sulke modaliteite word gewoonlik onderskei. Hulle dui op die verskillende maniere *hoe* iets bestaan, nie op die *wat* (konkrete dinge) nie. Die ruimtelike *aspek* mag dus nie geïdentifiseer word met die *konkrete ruimte* wat 'n mens ervaar nie. (Konkrete ruimte het, soos nog sal blyk, deel aan al die ander modaliteite.)

Al die voorstanders van die Reformatoriese filosofie stem ook ooreen dat die sinkern van die ruimtelike aspek (*kontinue) uitgebreidheid* is. Dit is dus duidelik waarom Chaplin globalisering met die essensie van die ruimtelike, naamlik uitgebreidheid verbind. Die baie verskillende vorme van globalisering (vgl. die aanhaling uit Chaplin, 2003:31) kom almal daarin ooreen dat hulle iets ruimtelik verbreed of uitbrei om die hele aarde (*globe*) te omvat.

Elkeen van die modaliteite is uniek, onherleibaar tot enige ander modaliteit en veronderstel ook ’n eiesoortige norm. Terselfdertyd is hulle op ’n ongelooflike komplekse wyse met mekaar vervleg. Omdat dit ons kan help om globalisering beter te verstaan, word alleen op die analogiese verhoudings gewys. Die ruimtelike aspek wys sowel “terug” (retrosipeer) na ’n vroeëre modaliteit (die aritmetiese) as “vooruit” (antisipeer) na dertien ander latere modaliteite, sodat die volgende analogieë ontstaan:

- *geloof*sruimte (nie net van ’n kerk nie, maar ook die “ruimte” waarin ons voor God se aangesig staan)
- *etiese* ruimte (waarin ’n mens eties reg of verkeerd optree)
- *juridiese* ruimte (soos deur ’n bepaalde wet toegelaat)
- *estetiese* ruimte (van byvoorbeeld ’n skildery)
- *ekonomiese* ruimte (bv. ’n afsetgebied vir produkte)
- *sosiale* ruimte (waarbinne ’n mens jou tuis/ontuis kan voel)
- *linguale* ruimte (wat ’n taal skep)
- *historiese* ruimte (die bepaalde tyd(perk), bv. 21ste eeu waarin ons leef)
- *logiese* ruimte (bv. die beweegruimte binne ’n argument/debat)
- *psigiese* ruimte (gevoelsruimte)
- *biotiese* of lewensruimte
- *fisiese ruimte* of driedimensionele ruimte (in die lug, op aarde of in water)
- *kinematiese* of bewegingsruimte
- *numeriese/aritmetiese* ruimte, waarin dit oor die hoeveelheid ruimte gaan.

Bogenoemde stand van sake word nog ingewikkelder as in gedagte gehou word dat die tydsdimensie op al hierdie modaliteite – ook die ruimtelike – betrekking het.

Soos reeds gesê is, is die ruimtelike nie iets konkreets nie, maar 'n faset van konkrete dinge. Globalisering is egter iets werkliks – al is dit hoe moeilik te omskrywe. Daarom het dit deel aan al bogenoemde modaliteite vanaf die aritimetiese tot die geloofsaspek. Globalisering is dus 'n multidimensionele verskynsel – veel ryker as wat baie skrywers oor die onderwerp laat blyk.

Die ruimtelike aspek is egter die tiperende, kwalifiserende of leidende modaliteit in globalisering.

Nou iets oor "ontsluiting" en daarna oor "normatiewe ontsluiting".

## 6.3 Ontsluiting

Die mens is kragtens God se kultuurmandaat aan die begin van die skepping (Gen. 1:28 en 3:15) geroep om die aarde te bewerk, die geweldige potensiaal wat dit bevat te laat ontplooi of dit te ontsluit. In globalisering sien ons vandag vir die eerste keer in die geskiedenis tot hoe 'n mate die ruimtelike dimensie werklik ontsluit kan word. Wat vandag gebeur, was vroeër ondenkbaar en onmoontlik.

Dit is moontlik gemaak deur die historiese (kulturele) mag van die mens (in bv. wetenskap, tegnologie, organisasie en ekonomie). Terwyl die ruimtelike dus die *leidende* aspek van globalisering is (vgl. hierbo), is die historiese die *funderende* modaliteit. Ruimtelike ontsluiting is gegrond op, word moontlik gemaak deur die hedendaagse mens se kulturele mag. Ruimtelike ontsluiting veronderstel dus menslike vryheid en verantwoordelikheid. Dit bring ons by die volgende punt:

## 6.4 Normatiewe ontsluiting

Chaplin het die woord "normatiewe" nie sonder rede in sy kort definisie van globalisering ingesluit nie. Vroeër is reeds gesien hoe globalisering skeefgetrek kan word wanneer oormatige klem net op een faset van die werklikheid (die ekonomiese) gelê word. Dieselfde kan gebeur as enige van die ander modaliteite verabsoluteer word. In so 'n geval vind (ruimtelike) ontsluiting nie normatief plaas nie – ten minste nie volgens die korrekte norme nie – maar eensydig of skeef.

Anders gestel: globalisering *as sodanig* is nie verkeerd nie, maar die *rigting* daarvan (wat normatief aangedui word) kan verkeerd wees. En die rigting bepaal natuurlik ook die inhoud.

*Gebalanseerde* ontsluiting beteken dat al die verskillende fasette van globalisering (vanaf die numeriese tot die geloof) *ewewigtig* ontsluit behoort te word. Omdat elke modaliteit ’n eie norm veronderstel (bv. geregtigheid by die juridiese, rentmeesterskap by die ekonomiese, vertroue in die geval van die pistiese en trou in die geval van die etiese), moet globalisering ook *gelyktydig* aan ’n verskeidenheid norme beantwoord. Dit mag byvoorbeeld nie net die ekonomiese norme respekteer nie. Om, soos vandag, byvoorbeeld alle klem te lê op meer, groter, produktiewer, ensovoorts, behels ’n eensydige ontsluiting van die aritmetiese aspek (hoeveelheid).

Ontwikkeling is niks anders as breë, normatiewe ontsluiting nie. Ruimtelike ontsluiting (globalisering) is ’n onderdeel daarvan en behoort ’n bydrae tot ontwikkeling te lewer.

## 7. Slot

Die titel van hierdie artikel het ’n vraag gestel: Hoe lyk en wat presies is globalisering, die nuwe gees van ons tyd? Met die beperkte insig tot ons beskikking het ons die gees probeer beproef (1 Joh. 4:1, 1953-vertaling). Hoewel daar baie fasette van globalisering is wat ons onrustig kan maak en selfs ontstel, vestig die gees van ons tyd ons aandag op ’n belangrike aspek van ons rentmeesterskap: ontsluiting van die ruimtelike potensiaal in God se skepping. Soos hierbo geblyk het, kan en moet dit op ’n verskeidenheid maniere gebeur.

Hierdie uitgangspunt hou onder meer in dat Christene en kerke hulle missie wyer sal sien as slegs dié van die eie kerk, volk, land of kontinent. Globalisering vestig vandag ons aandag nie net op die wye wêreld nie, maar bied ook talle middele om die hele aardbol te kan bereik – en om so werklik Christus se opdrag in Matteus 28:18-20 te kan uitvoer.

## Geraadpleegde bronne


BARBER, B.R. 2000. Jihad vs. McWorld; terrorisme en globalisering als bedreiging voor democratie. Rotterdam: Lemniscaat.

CASTELLS, M. 1999. The information age; economy, society and culture. Vol. 1: The rise of the network society. Oxford: Blackwell.

CHAPLIN, J. 2003. On globalization; an exercise in public theology. *Comment*, 21(2):30-35, Spring.

CHISINGA, B. 2001. Africa and the globalising world economy in the new millennium. (*In* Maloka, E. & Le Roux, E., *eds*. Africa and the new millennium; challenges and prospects. Pretoria: Africa Institute of South Africa, p. 60-76.)

CRAMP, A.B. 1975. Notes towards a Christian critique of secular economics. Toronto: Institute for Christian Studies (Mimeograph).

FOWLER, S. 1998. The development agenda; beyond dehumanising ideology. *Orientation; International Circular of the Potchefstroom University for CHE*, 87-90:401-443.

FOWLER, S. 2002. Transforming the development agenda. *African Journal for Transformational Scholarship*, 1(1):75-98, November.

GOUDZWAARD, B. 1979. Capitalism and progress; a diagnosis of Western society. Toronto: Wedge Publishing Foundation.

GOUDZWAARD, B. 1996. Globalisation, exclusion, enslavement. *Reformed World*, 46(3):99-108, September.

GOUDZWAARD, B. 2001. Globalisation and the kingdom of God. Grand Rapids, Michigan/Washington: Baker Book House/Center for Public Justice.

GOUDZWAARD, B. 2002a. De hypnose van globalisering en hoe eruit te ontwaken. *Beweging*, 66:12-17.

GOUDZWAARD, B. 2002b. Globalisering en ontsluiting. (*In* Boersma, K., Van der Stoep, J. Verkerk, M. & Vlot, A., *reds.* Aan Babels stromen. Amsterdam: Buijten & Schipperheijn. p. 202-213.)

GOUDZWAARD, B. & DE LANGE, H. 1994. Beyond poverty and affluence; towards an economy of care. Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.

GOUDZWAARD, B. & DE SANTANA ANA, J. 2002. Globalisation and the spirit of modernity. (*In* Koshi, N., *ed*. Globalisation; the imperial thrust of modernity. Mumbai: Vikas Adhyaya Kendia.)

HAAN, R. 1988. The economics of honour; Biblical reflections on money and property. Genève: World Council of Churches.

HELD, D., *ed.* 2002. A globalizing world? Culture, economics and politics. London: Routledge in association with The Open University.

HERTZ, N. 1999. Die stille overname; de globalisering en het einde van de democratie. Amsterdam: Uitgeverij Contact.

HESLAM, P. 2003. Capitalism and the environment: can they co-exist? *The Bible in Transmission*, 12-14, Spring.

JONGENEEL, R. 2002. Globalisering – de economische kant. *Radix*, 28(3):200-219.

KIZA, J. 2001. Neo-liberal globalisation and economic governance in Africa: uncomfortable bedfellows? (*In* Maloka, E. & Roux, E. , *eds*. Africa and the new millennium; challenges and prospects. Pretoria: Africa Institute of South Africa. p. 37-59.)

KLAMER, M. 2002. Globalisering en het grote sterven van talen. *Radix*, 28(3):169-184.

KLEIN, N. 2001. No logo. Rotterdam: Lemniscaat.

LECHNER, F.J. & BOLI, J. 2000. The globalization reader. Malden, Massachusetts: Blackwell.

LOOTS, E. 2001. Globalization, emerging markets and the South African economy. Research Paper, Dept. of Economics, Rand Afrikaans University, Oktober.

LOOTS, E. 2002. Globalization and economic growth in South Africa: do we benefit from trade and financial liberation? Research Paper, Dept. of Economics, Rand Afrikaans University, November.

MAURAIS, J. & MORRIS, M., *eds.* 2003. Languages in a globalizing world. Cambridge: Cambridge University Press.

MIHEVC, J. 1995. The market tells them so; the World Bank and economic fundamentalism in Africa. London: Third World Network.
MONSMA, G.N. 1988. Economic theory in Biblical perspective. Potchefstroom: Institute for Reformational Studies. (Series F1, no. 362, Febr.)
MOORE, M. 2003. A world without walls; freedom, development, free trade and globalization. Cambridge: Cambridge University Press.
MULDER, P. 2002. Globalisering, of hoe meer mensen meer met elkaar te maken hebben. *Radix*, 28(3):159-168.
NAHAVANDI, F. 2002. Dévelopment et après-dévelopment. *Koninklijke Academie voor Overzeese Wetenschappen; Mededelingen der Zittingen*, 48(3):247-268.
NORBERG, J. 2002. Leve de globalisering. Antwerpen: Houtekiet.
RAHNEMA, M., *ed*. 1997. The postdevelopment reader. London: Zed Books.
RIST, G. 1999. The history of development; from Western origins to global faith. Rondebosch: University of Cape Town Press.
SCHUMACHER, E.F. 1973. Small is beautiful; economics as if people mattered. New York: Harper.
STACKHOUSE, M. & BROWNING, D.S., *eds.* 2001. God and globalization; the spirit of the modern authorities. Harrisburg, Pennsylvania: Trinity Press International.
STACKHOUSE, M. & OBENCHAIN, D.B., *eds.* 2002. God and globalization; Christ and the dominions of civilizations. Harrisburg, Pennsylvania: Trinity Press International.
STACKHOUSE, M. & PARIS, P.J., *eds.* 2000. God and globalization; religion and the powers of the common life. Harrisburg, Pennsylvania: Trinity Press International.
STIGLITZ, J. 2002. Globalisation and its discontents. London: Penguin.
VAN DER WALT, B.J. 1999a. The tyranny of the neo-capitalist free market ideology: in the grip of the most dangerous ideology? (*In* Lategan, L.O.K. & Smit, K., *eds*. The landscape for ideologies in South African higher education. Bloemfontein: Technikon Free State. p. 17-28.)
VAN DER WALT, B.J. 1999b. Kultuur, lewensvisie en ontwikkeling; ’n ontmaskering van die gode van onderontwikkelde Afrika en die oorontwikkelde Weste. Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studie.

## Kernbegrippe:

globalisering
neo-kapitalisme
ontsluiting (kulturele)
ontwikkeling

## Key concepts:

development
disclosure (cultural)
globalization
neo-capitalism